

## VARS

### Deel 3 - Verdieping

#### AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

---

---

#### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Op watter stadium in jou geestelike lewe sal jy sê was jy die naaste aan die Here? Hoekom dink jy was dit so? Wat het bygedra dat jy so naby was?

---

---

---

---

Is jy 'n persoon wat van "diep" gesprekke hou of laat dit jou ongemaklik voel?

---

---

---

---

Deel met jou groep wat die 21 Dae van Vas en Gebed vir jou beteken het? Wat het jy beleef? Wat is nuut? Watter antwoorde het jy gekry?

---

---

---

---

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

**1 Timoteus 6:11-12. Waarna moet 'n Christen streef? Hoe lyk dit en wat doen mense wat hierdie strewe uitleef?**

---

---

---

**Romeine 5:1-5. Wat is die gevolg van swaarkry en van volharding volgens Paulus? Dink jy dit moet 'n invloed hê hoe jy na jou huidige uitdagings kyk? Hoekom sukkel ons daarmee?**

---

---

---

**Lukas 8:4-15. Volgens vers 13 – wat maak dat mense moed opgee? Hoe dink jy word ons geloof getoets?**

---

---

---

**Volgens vers 14, watter dinge in die lewe keer dat die Woord van God 'n effek in mense se lewens het? Hoe het jy dit al in jou eie lewe sien afspeel?**

---

---

---

**Wat is volgens vers 15 nodig vir die Woord van God om vrug te dra in ons lewens? Hoekom dink jy word daar soveel klem daarop gelê?**

---

---

---

---

**Lees Jakobus 1:2-4. Wat stel ons in staat om te volhard? Hoe sluit dit aan by Lukas 8:13? Wat is die gevolg van volharding, volgens vers 4, vir ons geloofslewe?**

---

---

---

---

Watter dinge of uitdagings maak dat jy wil opgee in hierdie lewe? Watter dinge beïnvloed hoe sterk jy staan in jou geloofslewe? Hoe dink jy kan jy volhard in geloof ten spyte van hierdie dinge of uitdagings? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?

Op watter manier wil jy volhard in jou gebedslewe na die 21 Dae van Vas en Gebed? Watter plan het jy om te volhard in jou gebedslewe? Hoe kan jou groep jou daarin help?

## GEBED EN OMGEE

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

## NEEM 'N VOLGENDE STAP

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.